

Terugblik Onthoujynog?



ONTVANG 25 JAAR DIENSTOEKENNING – HEILBRON HERALD, DONDERDAG 9 APRIL 1998
 Mnr Frikkie du Plessis het sy 25 jaar dienstoekenning vanaf Clover SA ontvang. Hy het op 5 Februarie 1973 in diens getree en was werksaam as instandhoudingsvoorman. Hy het op 31 Maart 1998 Cover SA se diens verlaat vanweë gesondheidsredes. Op die foto bo oorhandig mnr Leon Vissen (bedryfsbestuurder, Clover SA) die toekenning aan mnr du Plessis. **VIER BROERS WERKSAM BY CLOVER SA** - Op die foto links verskyn die vier du Plessis broers wat almal werksaam is by Clover SA vlnr: Julius, Antoon, Frikkie en Jan.

Kikker die boekwurm op in jou kind ...

• *Saamgestel deur Tokollo Rehabilitasiespan*

Soos wat in die vorige Heilbron Herald van die 9de Februarie 2018 bespreek is, vorm storielees 'n belangrike deel van jou kind se ontwikkeling. Dit skep die geleentheid om nie net kwaliteit tyd saam met jou kind te spandeer nie, maar is ook 'n ideale aktiwiteit om hulle ouditiewe geheue, konsentrasie en verbeelding te oefen en kan dus jou kind se intellektuele, emosionele en sosiale ontwikkeling aanspreek. Eerder as om net 'n storie te lees, probeer om meer interaksie aan te voer deur om die volgende paar idees te probeer:

- Vra vir jou kind om te verduidelik wat hy / sy in daardie situasie sal doen.
- Stop gedurende die storie en vra wat jou kind dink gaan gebeur.
- Laat hy / sy prentjies teken van wat in die storie gebeur het.
- Laat hy / sy die storie vir jou of sy ander ouer, oupa of oma oortel.
- Vra bietjie uit oor die feite van die storie, bv. Hoe oud het Arno geword? Wie het vir hom die eier gegee? Waar bly Arno se oupa en oma ens.

Arno Verjaar (Deur Corlie Putter, Bron: Lekkerbekkie Nuusbrief, 25 Februarie 2015, Uitgawe 89)

Arno kuier by sy oupa en oma op die plaas. Hy is baie opgewonde, want vandag is sy sesde verjaarsdag en sy oupa het vir hom 'n spesiale geskenk. Nadat Arno klaar sy ontbyt geëet het, hardloop hy na sy oupa toe. "Kan ek NOU my geskenk kry, Oupa?" vra hy opgewonde.

Arno se oupa lag lekker, en haal dan versigtig iets uit sy sak. Hy sit dit saggies in Arno se handjies. Dis... 'n eiertjie! "Ek het die eiertjie in die veld opgetel," sê Arno se oupa. "Dit het seker érens uit 'n nessie geval. Ek het

gesoek, maar kon nie die nessie kry nie. Jy moet dit warm hou, Arno. Dalk broei dit uit!" Arno trippel rond van blydschap. "Ek sal, Oupa!" roep hy opgewonde uit. Hy vou sy handjies rondom die eiertjie om dit warm te hou. In sy kamer sit hy die eiertjie saggies onder sy kussing. "Ek wonder wat binne in die eiertjie is?" dink Arno. Hy wag en hy wag. Dit word amper tyd vir Arno se partytjie, maar nogsteeds wag hy. Na ure se gewag begin die eiertjie uiteindelik kraak... 'n Piepklein snaweltjie en twee plat klein pootjies steek by die eiertjie uit!

"Dis 'n eendjie!" roep Arno uit. Hy probeer die eendjie optel, maar dit pik na hom, spring van die bed af, en waggel vinnig weg. "Kom terug!" roep Arno, maar die eendjie wikkkel sy stertjie en verdwyn vinnig by die deur uit. Arno soek oral, maar die eendjie is skoonveld! Toe dit tyd is vir Arno se verjaarsdagpartytjie om te begin, het hy nog nie die eendjie gekry nie. Arno wil skielik nie meer partytjie hou nie. Sy hartjie is te seer oor die eendjie wat weg is.

In die kombuis wag al Arno se maatjies vir hom met ballonne. 'n Yslike sjokoladekoek staan op die tafel. Maar Arno is te hartseer vir koek. Die maatjies begin sing "Veels geluk liewe maatjie!", maar Arno is nie meer lus om te verjaar nie. Hy staar net na die koek op die tafel.

Maar wat sien hy nou? Arno knip sy ogies vinnig en kyk weer. Hy is seker die sjokoladekoek het nout beweeg! "Blaas uit die kersies, Arno!" roep die maatjies. Arno trek sy asem op, maar voor hy die kersies kan uitblaas, wip die koek skielik heen en weer op die tafel rond! En daar spring die klein eendjie uit die koek uit! Dis al die tyd waar die karnallie wegkruip!

"Daar is jy!" roep Arno bly. Hy tel die eendjie op en gee hom 'n stywe drukkie. Dit is die beste verjaarsdag ooit!



Liefdeskos resepteboek

Tydens die Heilbron Dienssentrum se byeenkoms hierdie week is daar bietjie koppe bymekaar gesit vir 'n Liefdeskos resepteboek waaraan die lede besig is om te werk. Wie weet, dalk word dié 'n top verkoper!


Na-die-braai-pie

BESTANDELE:

- 2 velle skilferkorsdeeg, effens uitgerol
- 2 sjokolade-blokke
- styfgeklopte room
- 3 eetlepels karamelkondensmelk
- 2 eiers, geklits

METODE:

1. Plaas een vel skilferkorsdeeg neer op 'n oppervlak waar dit nie sal vassit nie.
2. Smeer karamelkondensmelk op die deeg en rasper een sjokoladeblok daaroor.
3. Sny die ander sjokolade in klein blokkies, en gooi dit ook oor die deeg.
4. Plaas die ander vel deeg bo-oor en vou die kante toe.
5. Sit die hele pastei op 'n toeknyprooster en verf dit met die geklitsde eier.
6. Braai dit by 'n lae hitte, en draai gereeld om.
7. Wanneer die pastei goudbruin is, verwyder van die hitte en sny in blokke.
8. Spuit styfgeklopte room op en sit dadelik voor.



Knip die kaartjies uit en laat jou kind dit in die regte volgorde pak / plak soos wat dit in die storie gebeur.

NG Kerk Moedergemeente

Saterdag 3 Maart

vanaf 09:00 tot laat... Basaar

- Pannekoek
- Poedings
- Vars gebak
- Kerrie-en-rys
- Braaivleis
- Vleistafel
- Witlofante
- Huisvlyt
- Hope kindervermaak

• Plaasantbyt word bedien vanaf 09:00 tot 10:00

• Kampioenpotte sal bedien word vanaf 12:00 vir take-away